

die nood van Suid-Afrika en die unieke oplossing van die evangelie nie.

Wat duidelik uitgespel moes word, is hóé dit dan nou in die Afrika van vandag anders moet verloop. Die unieke van die Evangelie-boodskap kan immers nie prys gegee word nie. Hoe moet dié boodskap in Afrika vandag anders lyk om dan vir dié situasie heil in te hou'. Met dié worsteling is ons na my mening nog die klaar nie.

- [Note. The English translation has a note on Kuyper and different emphases here and there but in essence the same message is discussed.]
(Bestel van IRS, P.U. vir CHO, Privaatsak X6001, Potchefstroom 2520.)
Prof P Verster

G J Fanabe (Ed.)

RELIGIONS OF JAPAN IN PRACTICE PINCETON READINGS IN RELIGIONS.

New Jersey: Princeton Univ. Press. 1999

Hierdie werk bestaan uit 'n reeks artikels oor onderwerpe wat godsdienste in Japan raak in. Verskeie en uiteenlopende sake word aangeraak. Die hoofindelings is soos volg:

1. Etiese praktyke.
2. Rituele praktyke.
3. Institusionele praktyke.

Onder etiese praktyke word sosiale waardes, geestelikes se voorkeure en godsdienstiges se voorkeure behandel. Kort artikels, byvoorbeeld oor die betekenis van Yen vir die bewaring van die vaderland word behandel.

Wat rituele betref, word verwys na die groter geeste rituele van realisering en geloof. Antieke Japanse geloofsoortuigings word

behandel. Kort artikels oor bepaalde aanhangers van aspekte van die godsdiens word deurgegee.

Wat die institusionele praktyk betref, word verwys na die Keiser, na helde en na die heilige plekke. Die wyse waarop heilige plekke byvoorbeeld gewy word, word beklemtoon.

Hierdie werk is omvangryk, maar werklik te weinig gebonde aan 'n sentrale tema. Daar is geen deurlopende lyn nie. Die artikels is kort losstaande stukke op hulle eie en word nie aan mekaar geskakel nie. Verder is dit 'n hoogs tegniese boek wat slegs vir die ingewyde leser toeganklik is. Die navorsingsimplikasie van die bron is egter hoog en sal dus goedsikks beskikbaar gestel kan word vir navorsers wat op die spesifieke terrein ingestel is.

- Prof P Verster

R A Jonas

HENRI NOUWEN

New York: Orbis Books

Henri Nouwen het gedurende sy leeftyd heelwat invloed uitgeoefen en boeke geskryf binne die veld van spiritualiteit. Sy dood in September 1996 was 'n gevoelige slag vir diegene wat hom persoonlik geken of deur sy boeke met hom kennis gemaak het. Robert Jonas was 'n persoonlike vriend van Nouwen wat vir 'n geruime tyd ook by die familie Jonas ingewoon het. Hierdie noue verbintenis tussen Jonas en Nouwen het die skrywer in staat gestel om die persoon Nouwen, sy lewe en lewensbeskouing, sy toewyding, maar ook sy innerlike stryd as geloofsmens baie goed te beskryf. Diegene wat Nouwen deur sy boeke ken, kry hier 'n beskrywing van die mens Nouwen en gee die leser meer begrip vir die inhoud en betekenis van sy werke. Jonas slaag daarin om krities-evaluerend na Nouwen te kyk en sy hoofbeklemtonings in sy werke goed te koördineer. Die eerste deel van die boek handel dan oor Nouwen as mens en skrywer, terwyl die tweede deel baie goeie grepe uit